

Preekvoorligting Sondag 31 Mei 2020

(Dag van Verootmoediging en gebed)

Skriflesing: Psalm 4 (Nuwe Direkte Vertaling)

Teksvers: Psalm 4: 7

Tema: Ons heil is by God, besef dit en roep ander op tot Sy teenwoordigheid

Psalm 4 neem deur die geskiedenis van die kerk en so die lewens van gelowiges 'n prominente plek in. Die rede – dit is 'n psalm wat “krisis” as agtergrond het. Maar goed, wat maak hierdie psalm dan so besonders in tye van krisis? Hierdie psalm gee die antwoord op hoe krisis hanteer moet word, hoe dit met vertroue en hoop, in die oë gekyk kan word.

1. Die reaksies van sommige mense op lewenskrisisse volgens Psalm 4

Dawid was die skrywer van hierdie psalm en is dit duidelik die omstandighede met die skryf van hierdie psalm was nie baie gunstig vir hom nie. Waarom dit belangrik is, is omdat van die mense hierdie ongunstige omstandighede waarin Dawid verkeer het, destyds teen hom gebruik het. Dit was juis hulle sterkste argument – “Dawid, kyk jou eie omstandighede!”. Hierdie groep mense se manier van dink word weergegee in Dawid se woorde oor hulle: “Julle het nietigheid lief en wat julle najaag is vals. Julle moet weet dat die Here wonders doen vir sy getroue volgelinge; die Here hoor wanneer ek na Hom roep” (vers 3 en 4). Duidelik kom dit hier na vore – hierdie is siniese mense, ontnugterde mense, mense wat in reaksie op lewenskrisisse op 'n manier hanteer van “kom daarby verby, hierdie godsdienstigheid” want julle is besig om julleself met dit wat nie bestaan nie, te probeer troos.

2. Die reaksies van Dawid op lewenskrisisse volgens Psalm 4

Dawid erken in hierdie psalm dat die reaksie van die siniese mense op lewenskrisisse geweldig druk op hom geplaas het en dit duidelik deur sy woorde: “Mense, hoe lank gaan julle nog my eer skend?” (eerste gedeelte van vers 3). Hy stel eintlik die volgende: Hoe lank nog gaan julle my, dit is Dawid, probeer belaglik maak oor die feit dat ek binne lewenskrisisse aan God vashou? Watter beswadding moet ek nog verduur wanneer julle na my ongunstige lewensomstandighede verwys? (die verwysing na koring en mos in vers 8).

3. Die Heilige Gees en die hantering van lewenskrisisse

“Sidder, moenie sondig nie; dink daaroor na op julle beddens en wees stil. Bring die gepaste offers en stel julle vertroue op God” (verse 5 en 6). Baie duidelik – die siniese hantering van lewenskrisisse is nie die antwoord nie. Inteendeel, dit is sonde en mag nie gebeur nie! Die antwoord is die “bring van die gepaste offers en die stel van vertroue op God”. Hier word duidelik geopenbaar: Dien die Here met oorgawe, doen die regte dinge, bekeer julle van die verkeerde siening t.o.v. die hantering van krisis. En dan as motivering vir hierdie kragtige oproep tot bekering – Dawid se lewe en oortuigings (verse 2, 4, 8, 9). Duidelik word hier by monde van Dawid verkondig: “My heil is by God!”. Hoe is dit moontlik dat Dawid steeds hierdie standpunt kan huldig – my heil is by God? Die antwoord: “Laat tog die lig van u teenwoordigheid oor ons skyn, Here!” (vers 7). Hier gaan dit oor lig wat die duisternis, die donkerte verdryf, dit in die niet laat verdwyn. Dit beteken nie dat die lewenskrisisse verdwyn nie, maar dat daar 'n insig kom in die hantering van lewenskrisisse met die gevolg dat “in vrede gelê en aan die slaap geraak kan word”.

Die oproep: Ons heil is by God, besef dit en roep ander (siniese mense) op tot Sy teenwoordigheid!